# HOOFSTUK 7

# *ONTWIKKELING VAN DIE NYWERHEIDSREUS TOT 1992*

## 7.1 Ekonomiese ontwikkeling

Die indiensneming van fabriekswerkers het landswyd sy hoogste groeikoers tussen 1933 en 1939 ervaar. Tot 1955 het die groeikoers geleidelik toegeneem maar nie met dieselfde intensiteit as die tydperk 1933 tot 1939 nie. Vanaf 1955 tot 1963 is 'n daling ervaar. Gedurende die laat sestigerjare het die tendens egter verander. 'n Ongekende industriële groeikoers het ná 1963 plaasgevind.[1] Nywerheidsgroei het landwyd 'n afname begin toon nadat politieke onrus gedurende die sestigerjare toegeneem het.[2] Gegewe hierdie inligting, was die inhoud van koerantberigte oor Vereeniging insigewend, maar ook duidelik daarop gerig om 'n positiewe beeld van die stad uit te dra.

---

[1] R.T. Bell, Government policy and industrial location..., pp. 68-69.

[2] F.L. Coleman (ed.), *Economic history of South Africa*, pp. 225, 241.

Volgens 'n berig in *The Star*, het industriële ontwikkeling in Vereeniging teen 1966 'n kritieke stadium bereik. Daar is geglo dat die dorp nie meer dieselfde aantrekkingskrag vir voornemende blanke vestigers ingehou het nie.[3] Teen 1972 was Vereeniging nietemin deur die ***Rand Daily Mail*** as 'n gevestigde nywerheidsreus voorgehou.[4] In 1992, eeufeesjaar, het die verwelkomingsborde by die vernaamste ingange tot Vereeniging steeds daarop geroem dat die stad deur die loop van die eeu tot 'n reus van nywerhede ontwikkel het. Die ware feite was egter dat Vereeniging 'n afplatting sedert die sestigerjare ervaar het. 'n Laagtepunt is in die tagtigerjare bereik.[5] Vereeniging was 'n spieëlbeeld van nasionale tendense.

Plaaslike politici het die koerante gebruik om die posisie waarin Vereeniging verkeer het, te verduidelik. Dit was byvoorbeeld die standpunt van raadslid Fourie dat die regering se desentralisasiebeleid die ontwikkeling van Vereeniging benadeel het. Sy standpunt was gedurende 1966 in *The Star* gepubliseer. Hy het sy kommer uitgespreek dat Vereeniging se posisie, as belangrike verskaffer van water aan Witwatersrandse dorpe en stede, deur die landsbeleid benadeel sou word. Senator dr. Jack Loock het hierdie siening gedeel.[6]

---

[3] *The Star*, 26.02.1966: Report.

[4] Vgl. *Rand Daily Mail*, 24.03.1972: Report.

[5] *Vereeniging and Vanderbijl Park News*, 27.10.1967: Report; A. Niewoudt, Die Vaaldriehoek as verspreide..., pp. 160-166.

[6] *The Star*, 26.02.1966: Report.

In antwoord hierop het die destydse Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd, drie redes ter verdediging van sy regering se standpunt aangevoer. Eerstens het hy nie daarmee saamgestem dat Vereeniging se rol as waterverskaffer ondermyn is nie. In teenstelling het hy geglo dat dit wys was om die druk te verlig wat op Vereeniging as waterverskaffer geplaas was. Verwoerd het sodanige stap as teenvoeter vir die uitputting van die republiek se waterbronne gesien. Tweedens het die Eerste Minister eenvoudig aangevoer dat desentralisasie voordelig vir almal was. Hy het naamlik geredeneer dat die invloei van groot hoeveelhede swartmense na spesifieke sentra van ontwikkeling, soos Vereeniging, deur die beleid van desentralisasie bekamp kon word. Die Eerste Minister se redes was in 'n koerantberig onder die opskrif ***"Industry will be hard hit"*** uiteengesit.[7] Die opskrif, wat duidelik nie Verwoerd se sentiment gedeel het nie, het heelwat waarheid ingehou.

'n Tydskrifartikel in *Property Mail*, het in 1969 beweer dat 'n opname onder sakelui in Vereeniging getoon het dat, indien omsigtige toekomsplanne gemaak word, daar optimisme oor die voortsetting van Vereeniging se rol as handelskern van die Vaaldriehoek bestaan het. Hoë verwagtinge was volgens dié artikel vir die voortgesette uitbreiding van bestaande nywerhede gekoester.[8] Sulke vooruitsigte het sekuriteit gebied aan mense wat hulself as nuwe intrekkers in die gebied kom vestig het.[9] Teen 1968 was daar steeds gerugte dat voornemende beleggers van plan was om in Vereeniging te belê. Ongekende industriële groei het volgens koerantberigte in hierdie jare voortgeduur.[10] Artikels soos die bogenoemde was daarop gemik om tekens van ekonomiese afplatting in Vereeniging te verdoesel.

Spesifieke nywerhede het skynbaar groei getoon. SAFIM is in 1961 deur *Massey-Ferguson* oorgeneem. Dit het 'n groot uitbreiding van belange bewerkstellig en 'n naamsverandering tot gevolg gehad. Die nuwe eienaars se naam was aan SAFIM gegee. Later in die sestigerjare het *Massey-Ferguson*, as gevolg van die konstante

---

[7] *The Star*, 14.03.1966: Report.

[8] Anon., "Vereeniging, primed for progress", ..., pp. 263-264.

[9] L.C.M. Willemse, Onderhoud, 10.09.1986 {Inwoner van Vereeniging vir meer as 25 jaar, inligting in besit van skrywer}.

[10] *The Star*, 06.04.1963: Report; *Rand Daily Mail*, 28.06.1968: Report.

groei en uitbreiding van belange, 'n bykomende perseel langs die roete vanuit Voortrekkerstraat na Johannesburg bekom.[11] USKO was teen 1969 as 'n wêreldleier in die vervaardiging van gegote staalprodukte volgens die *Gordon Process* beskou.[12]

Alhoewel die primêre sektor by die industriële ontwikkelings gebaat het, het die bydrae van landbou en mynbou in die geheel afgeplat. Gedurende die twee dekades ná 1953 was 'n konstante afname in die bydrae van Vereeniging se landbousektor tot die Bruto Geografiese Produk (BGP) bespeur. Melkproduksie was beskou as dié aktiwiteit wat tog 'n aansienlike bydrae bly lewer het. Die beesboerbedryf het dus, na wat berig is, tussen 1957 en 1986 toegeneem terwyl die bydrae van ander landbouaktiwiteite afgeneem het. In die geheel was voorspel dat landbou steeds meer sou afplat. Toenemende industrialisasie was vir dié afname in die primêre sektor verantwoordelik. Daarenteen het produkte van die fabrieke, byvoorbeeld spesifieke chemiese produkte en trekkers, tot die meganisasie in die landbousektor bygedra. Mynbou, die ander komponent van die primêre sektor, het teen 1980 steeds 'n afname ervaar. Steenkoolproduksie het, min of meer 'n honderd jaar nadat dit in Vereeniging 'n aanvang geneem het, feitlik tot stilstand gekom.[13]

Teen die tagtigerjare het Sasolburg, toe die Letabo-kragsentrale in werking getree het, die rol as vernaamste elektrisiteitsverskaffer by Vereeniging oorgeneem.[14] Teen 1992 was *New Vaal Collieries* uitsluitlik 'n verskaffer van steenkool aan die Lethabo-kragsentrale. Dié oopgroefmyn het genoeg steenkool gehad om nog 40 jaar steenkool te lewer. 'n Verdere onontginde gedeelte sou na raming nog 'n

---

[11] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 246-247.

[12] Anon., "USCO's export booming", *South African Financial Gazette*, 18.04.1969, p. 9; vgl. ook opwaartse kurwe op die grafiek in tabel 4.1.

[13] C. Vermaak, "Know your district - Vereeniging: Where farming...", ..., p. 49; Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., pp. 32-34.

[14] Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., p. 36.

bykomende 40 jaar steenkool lewer, dit wil sê tot ná die jaar 2030.[15]

Vereeniging het nietemin steeds 'n leidende rol in die tersiêre sektor van die Vaaldriehoek ingeneem. Die rol wat die stad in hierdie verband vervul het, was beklemtoon deur die groot voorsprong wat dit as gevestigde nywerheidsreus bo ander dorpe in die omgewing gehad het.[16] Daar was meer finansiële instellings in Vereeniging teenwoordig as in ander dorpe van die Vaaldriehoek.[17] Vervoer, na en vanaf die werkplek, was deur die teenwoordigheid van goeie paaie, 'n lughawe en spoorwegverbindings moontlik gemaak. Advertensies, waarin die voorafgaande inligting vervat was, het Vereeniging as 'n oord beskryf waar die afset van produkte deur 'n goeie infrastruktuurdiens bespoedig is.[18]

In die sekondêre ekonomiese sektor het Vereeniging veral, vergeleke met die ander Vaaldriehoekse dorpe, 'n prominente posisie ingeneem. Teen 1979 het die Vereeniging-distrik (Meyerton ingesluit) 223 nywerhede gehad teenoor die 75 van Vanderbijlpark. Daarvan het die meerderheid op die staalbedryf gekonsentreer. Vereeniging het 68 teenoor Vanderbijlpark se 21 staalbedrywe gehuisves. Wat die vervaardiging van masjiene en nie-metaalhoudende produkte aanbetref, het Vereeniging ook voorgeloop. Vereeniging het 29 masjienvervaardigende fabrieke teenoor Vanderbijlpark se ses gehad. Vereeniging het ook 29 nie-metaalvervaardigende produsente teenoor die 12 van Vanderbijlpark gehad. Voldoende bewys is hierdeur verskaf dat Vereeniging 'n belangriker rol in die nywerheidsektor gespeel het. Hierteenoor het Sasolburg hoofsaaklik chemiese nywerhede gehuisves. In totaal het dit 27 derglike fabrieke teen 1979 gehuisves. Sasolburg het egter ook 43 ander nywerhede gehuisves. Die aandeel van hierdie


---

[15] M. Wills, Onderhoud, 12.09.1992 {Bestuurder, *New Vaal Collieries*, inligting in besit van skrywer}.

[16] Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., p.36.

[17] L.C.M. Willemse, Onderhoud, 10.09.1986 {Inwoner van Vereeniging vir meer as 25 jaar, inligting in besit van skrywer}.

[18] *The Star*, 06.04.1963: Advertisement; Anon., "Vereeniging, primed for progress", ..., p. 264.




**TABEL 7.1:**

**'n Vergelyking van die getal woonhuise wat tussen 1976 en 1983 in Vereeniging opgerig was ten opsigte van die tendens in die res van Suid-Afrika.**

Bron: TCV, File 171/3, vol. 3, Report

dorp tot fabriekswese was van 'n ander aard en kon daarom nie reglynig met Vereeniging vergelyk word nie.[19]

Owerheidsbeleid het 'n bepalende rol in die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika en sy nywerheidstede gespeel. 'n Afname in handel met die buiteland, weens onder andere ekonomiese sanksies, asook die beskikbaarheid van hulpbronne het verder op ekonomiese groei ingewerk. Weens hierdie faktore het 'n afplatting teen die laat tagtigerjare op industriële gebied in Vereeniging plaasgevind. As 'n direkte uitvloeisel van die land se politieke en gepaardgaande finansiële probleme, het Vereeniging ook 'n afname in die vraag na grond ervaar. 'n Afplatting in voorstedelike ontwikkeling en stedelike verval was die gevolg daarvan. Positiewe ontwikkelings sou eers hervat kon word nadat die land se politieke probleme aangespreek is en industriële groei daadwerklik op nasionale vlak bevorder is.[20]

Dit het ook teen die tagtigerjare duidelik geword dat werkverskaffers dit al hoe moeiliker gevind het om by die verskaffing van behuising betrokke te wees. Dit was eerstens toegeskryf aan die hoë koste verbonde aan die verskaffing van dienste en tweedens aan hoë finansieringskoste. Hierdie tendens het groter druk op die plaaslike raad geplaas om leiding in die verskaffing van behuising en grondbesit te neem.[21] Meer huise en ander geboue, volgens tabel 7.1, was tussen 1976 en 1983 in Vereeniging gebou vergeleke met ander Suid-Afrikaanse dorpe en stede.[22]

---

[19] Mathey & Greeff {stads- en streekbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., pp. 34-35.

[20] VT, File 03/145, E. Rosenthal, USCO's half century, pp. 72-74; G.C.R. Bosman, *The industrialization of South Africa*, p. 211; I. van Ravensteyn, Onderhoud, 16.02.1989 {Senior administratiewe beampte, Stadsraad van Vereeniging, inligting in besit van skrywer}.

[21] SV, Lêer 12/22, Nov. 1972 - Mei 1985: Agenda en notule van die bestuurskomitee vergadering, 16.08.1982.

[22] TCV, File 171/3, vol. 3, March 1982 - July 1988: Report {waaruit tabel 7.1, p. 175-keersy, geneem is}, Developmental economists researchers and property valuers {Davies, Briton, Small & Associates} - Town Clerk, 28.06.1984.

## 7.2 Ruimtelike ontwikkelingstrategieë

Gedurende die sewentigerjare het die regering groeipunte bepaal wat by desentralisasie baat sou vind.[23] 'n Duidelike omskrywing van die ekonomiese doelstellings van die beleid van desentralisasie was teen 1975 geformuleer. Daarvolgens was 'n Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan (N.F.O.-plan), ruimtelike ontwikkelingstrategie vir die Pretoria-Witwatersrand-Vereenigingstreek (PWV), 'n streeksontwikkelingstrategie en die Vaaldriehoek Gidsplan as 'n raamwerk en omvattende ontwikkelingsbeleid ontwerp waarbinne Vereeniging ekonomies moes ontwikkel.[24]

Die N.F.O.-plan het klem op die wenslikheid gelê om ekonomiese groei in die nie-metropolitaanse gebiede van die land te stimuleer. Dit was nie as 'n statiese plan beskou nie. Voorts was dit as onnodig beskou dat verdere groei in lewenskragtige dorpe gestimuleer moes word. Die staat het ook die mening gehuldig dat desentralisasie net sou slaag as 'n eweredige verspreiding van ekonomiese aktiwiteite bewerkstellig is. Dit het die ontwikkeling van nuwe en afgeleë ekonomiese fokuspunte, weg van die bestaande metropole, ten doel gehad. Vereeniging was deel van die Witwatersrandse metropool.[25] Derhalwe het die plan negatiewe implikasies vir Vereeniging ingehou.

In 1981 was 'n ruimtelike ontwikkelingstrategie vir die PWV ontwerp. Dit het 'n plan ingesluit waarvolgens ruimtelike ontwikkelingstrategieë oor die lang- en mediumtermyn in die PWV in werking gestel was, binne die raamwerk van die N.F.O.-plan. Dit het tot voordeel van Vereeniging gestrek aangesien die stad steeds as 'n industriële groeisentrum beskou is. Hierdie strategieë het dit ten doel gehad om 'n afplatting in die groei van stede soos Johannesburg te bewerkstellig en eerder groei in plekke soos onder andere Vereeniging aan te moedig.[26]

---

[23] F.L. Coleman (ed.), *Economic history of South Africa*, p. 242.

[24] Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., p. 11.

[25] Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., pp. 11-12.

[26] Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., pp. 13-15.

Mnr. Eric Louw, Minister van Ekonomiese Sake sedert 1948, het in gedagte gehad dat Vereeniging en Vanderbijlpark in die toekoms ineengeskakel sou raak.[27] Die Vaaldriehoekgidsplan was 'n poging om die uiteindelike ineenskakling van Vaaldriehoekse dorpe te bewerkstellig. Dit was in 1982 binne die raamwerk van die N.F.O.-plan ingesluit. Dit het beplanning op stedelike en streeksvlakke gekoördineer waarbinne 'n balans in die hoofgrondgebruike van die streek geskep moes word.[28] Daar is in die vooruitsig gestel dat oop ruimtes tussen voorstede ingevul moes word. Verder het dit die mate waarin Vereeniging verder moes ontwikkel, in samehang tot die ander dorpe in die Vaaldriehoek, neergelê. Raadslede het hulself daartoe verbind om dienste te lewer in die konteks van die groepering van plaaslike besture op streeksgrondslag.[29]

In 'n verslag, wat in 1982 deur die departement van die stadsingenieur opgestel is, was vermeld dat die ruimtelike toekomsbeplanning van Vereeniging tot 1995 hoofsaaklik op die Gidsplan en bodemkundige oorwegings gebaseer is. Hiervolgens het dit geblyk dat Vereeniging teen 1984 geen beskikbare woonerwe sou hê nie. Die raad het die waarde besef om vooruit te beplan sodat probleemvrye ontwikkeling kon plaasvind. Beplanning was uiteraard op blankes gerig. Die besef het ook ontstaan dat Vereeniging 'n oneweredige verdigtingstempo ten opsigte van landbou getoon het. Dit was duidelik dat Vereeniging steeds toenemend industrieël ontwikkel het.[30]

Toekomsbeplanning in die Vaaldriehoek was sedert 1983 ten nouste deur die Streeksontwikkelingstrategie vir nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika beïnvloed. Hiervolgens was die PWV as die gebied beskou waar dit die minste nodig was om

---

[27] Anon., "Vereeniging and Vanderbijl Park, amazing industrial progress...", ..., pp. 300-302.

[28] Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., p. 18.

[29] Cora Botha-privaatversameling {Eggenoot van mnr. A.J. (Skippie) Botha}, Vereeniging, *Manifes: A.J. (Skippie) Botha* {Verkiesingsmanifes opgestel deur J.J. Visser, s.a.}, p. 1.

[30] SV, Lêer 12/22, Nov. 1972 - Mei 1985: Agenda en notule van die bestuurskomitee vergadering, 16.08.1982.

*verdere* ontwikkeling aan te moedig.[31] Dit was duidelik dat hierdie beleidsaspekte die toekomstige ekonomiese groei van Vereeniging tot nadeel gestrek het. Dit het noodsaaklik geword dat die toekomstige struktuur van voorstedelike uitbouing en ruimtelike benutting met groter sorg onderneem word.

## 7.3 Die implikasies van politieke tendense op die uitbouing van munisipale bestuur en die reaksie daarop

Plaaslike bestuur is vanaf Maart 1962 aan wysigings onderwerp. Politiek het 'n rol in die verkiesing van lede begin speel. Vyfjaarlikse munisipale verkiesings is ingestel. Uit die verkose raadslede moes 'n bestuurskomitee vir 'n termyn van vyf jaar saamgestel word. Onderling was dit die taak van dié komitee om 'n burgemeester en onderburgemeester te verkies. 'n Voorsitter was ook aangewys. Die bestuurskomitee was as die amptelike plaaslike owerheid beskou. Die bestuurskomitee het die hooforgaan van die stadsraad geword. Dit het verder die 'agent' van die munisipale kiesers geword. Daar was van die plaaslike raad verwag om prosedures van werkverrigtinge te bepaal en aan die Administrateur van Transvaal voor te lê. Die stelsel van die bestuurskomitee het sedert 1962 'n mate van politieke en administratiewe outoriteit aan die stadsraad van Vereeniging verleen. Die Administrateur het slegs oorhoofse toesig oor die plaaslike raad behou.[32]

Teen 1966 was Sharpeville as erg oorbevolk beskryf met inwoners wat aan haglike lewensomstandighede blootgestel was. Dit het die raad genoodsaak om toekomstige ontwikkelings in blanke voorstede aan private inisiatief oor te laat.[33] Verskeie projekte was geloods om vrede en vooruitgang in Sharpeville te bevorder. Die verfraaing van tuine, sosiale byeenkomste en projekte ter verbetering van

---

[31] Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., pp. 12-13.

[32] J.J.N. Cloete, *Munisipale regering en administrasie...*, pp. 95-97; P.J.J. Prinsloo (red.), Die geskiedenis van Vereeniging, pp. 159-161; J.D. Berlyn, Central and provincial government control over local authorities in Transvaal (unp. M.A.-dissertation, UNISA, 1984), pp. 130-131.

[33] Vgl. *The Star*, 12.01.1966: Report.

*lewensom*standighede was aangemoedig. Die raad het ook fondse probeer genereer om spesifieke opheffingsprojekte van stapel te stuur. Volgens wat in die pers berig was, was selfs gepoog om gelykwaardige behuising aan welvarende swart besigheidsmanne te verskaf.[34]

'n Daling in swart bevolkingsgetalle het teen 1970 in Vereeniging voorgekom.[35] Dit was daaraan toegeskryf dat groot getalle swartmense in die periode 1960 tot 1970 na die nuutgestigde swart woonbuurt naby Vanderbijlpark, Sebokeng, verskuif is.[36] In 1972 is die probleme rondom Sharpeville weggeneem van beheer van die stadsraad toe besluit is dat swart woongebiede in die Vaaldriehoek onder een sentrale bestuur geplaas moes word. Dit het Vereeniging sedert 1972 sonder 'n swart woongebied gelaat. Die regering het die Oranje-Vaal Administrasieraad in die lewe geroep. Swart woongebiede in die Vaaldriehoek was voortaan onder die administrasie van die genoemde streeksraad geplaas.[37] Vir alle praktiese doeleindes het plaaslike bestuur in Vereeniging swartmense uitgesluit.

Die verskuiwing van Sharpeville-inwoners na Sebokeng is in 1977 gestaak. Daar was toe eerder besluit om tariewe te verhoog en die verbetering van geriewe in Sharpeville daarmee te befonds.[38] Teen 1981 het die rioolsuiweringsaanleg te Leeuwkuil ontoereikend geraak. 'n Ooreenkoms was derhalwe met die Oranje-Vaal Administrasieraad bereik waarvolgens Sharpeville met 'n opgegradeerde rioolsuiwering bedien kon word.[39]

---

[34] *The Star*, 06.04.1963: Report.

[35] Vgl. tabel 3.1.

[36] A. Nieuwoudt, Die Vaaldriehoek as verspreide..., p. 132.

[37] SV, Lêer 130/23-BA, vol. 12: Memorandum, Gegewens t.o.v. nie-blanke sake, afdeling 15, Okt. 1971

[38] *Vereeniging and Vanderbijl Park News*, 03.06.1977: Report.

[39] Cora Botha-privaatversameling, Vereeniging, *Begroting van inkomste en uitgawe vir die jaar eindigende 30 Junie 1982* {Begrotingsrede van die voorsitter van die bestuurkomitee, rdsl. A.J. Botha, LPR}, 25.06.1981, p. 6.

Daar was grootskaalse teenstand teen Administrasierade vir swartes. Dit het daartoe aanleiding gegee dat devolusie van gesag, aan die hand van apartheid, plaasgevind het. Die Wet op Swart Plaaslike Owerhede is in 1982 in die parlement deurgevoer. Hiervolgens het swart woongebiede munisipale status verkry. Die gebied wat in 1972 onder beheer van die Oranje-Vaal Administrasieraad geplaas is, sou voortaan as die stadsraad van Lekoa bekend staan. Swartmense was oor die algemeen nie met hierdie besluit geneë nie.[40]

Landsbeleid het dus 'n betekenisvolle invloed op plaaslike bestuur uitgeoefen. Selfs al was dit duidelik dat Vereeniging oorwegend swartmense gehuisves het, is daar voortgegaan om die dorp vir blanke vestiging in te rig. In 1991 het die blanke bevolkingsektorsektor 33,5% van die totale bevolking in die Vereeniging-distrik uitgemaak. Tussen 1970 en 1980 het blankes in die distrik teen 'n gemiddelde groeikoers van 2,37% per jaar toegeneem. Hierteenoor het swartmense jaarliks teen 6,12% vermeerder.[41]

Handelsaktiwiteite deur alle bevolkingsgroepe in die sentrale sakegebied van Vereeniging, was as 'n beleidsaspek beskou wat 'n invloed op die struktuur en toekomstige ontwikkeling van Vereeniging uitgeoefen het.[42] Die teenwoordigheid van Indiër sakeondernemings in die sentrale sakekern het voortdurend in die brandpunt gekom. Verskeie Indiërhandelaars is in die vroeë tagtigs na die sogenaamde Oosterse plaza of Asiatiese Bazaar aan die suidoostelike uithoek van die dorpsgebied verskuif. Hier moes vele gesiene ondernemers voortaan hul kleinsakeondernemings bedryf.[43]

---

[40] E.J. Shamley, Die invloed van staatkundige ontwikkeling op die organisatoriese rëelings vir plaaslike owerhede in die RSA, 1910-1986 (ongep. M.A.-verhandeling, UPE, 1987), pp. 154, 157-160.

[41] Matthey & Greeff {stads- en streekbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., pp. 25, 27.

[42] Matthey & Greeff {stads- en streekbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., p. 19.

[43] L.C.M. Willemse, Onderhoud: 10.09.1986 {Inwoner van Vereeniging vir meer as 25 jaar, inligting in besit van skrywer}; vgl. kaart 5.1.

Die Sakekamer van Vereeniging het homself reeds in die sestigerjare daarvoor beywer om Indiërhandelaars heeltemal vanuit die sentrale sakekern te skuif. Die *Vereeniging and District Welfare Association* het beswaar teen sodanige stappe aangeteken. In hul geledere was simpatie vir ontberings en uitgawes wat verskuiwing sou meebring. Die uitvoering van apartheid in die tersiêre sektor het nie sonder koste geskied nie. Daar is beraam dat die verskuiwing teen 'n koste van R1 044 620 sou beloop.[44]

Burgemeester A.J. Botha het in sy begrotingsrede vir die 1982/83-finansiële jaar genoem dat die tyd aangebreek het vir ander regeringsdepartemente om verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir die spesifieke administratiewe en behuisingsprobleme van die kleurlingmense van Vereeniging te aanvaar.[45] Dit het moeilik vir plaaslike bestuur geword om 'n instrument in die toepassing van apartheid te bly. Voorstedelike ontwikkeling tot voordeel van Indiërs en kleurlinge is ná 1960 deur die stadsraad onderneem.

## 7.4 Klem op veelrassige residensiële voorstedelike ontwikkeling, 1960 - 1980

Volgens 'n verslag van die Groepsgebiederaad se ondersoekkomitee was Vereeniging in 1962 as 'n groot en lewenskragtige maar blanke dorp beskryf.[46] Die stadsraad het dit aan die pers duidelik gemaak dat die voortslepende behuisingskwessie baie aandag geniet het.[47] Daar was ook berig dat dit die raad se doelwit was om die omgewing te verfraai en alles moontlik te doen om die inwoners gelukkig te hou.[48] Teen 1967 was 21 residensiële en industriële

---

[44] TAB, TPB 3934, vol.1, TALG 21/2/36: Memorandum, 07.05.1962.

[45] Cora Botha-privaatversameling, Vereeniging, *Begroting van inkomste en uitgawe vir die jaar eindigende 30 Junie 1982...*, p. 8.

[46] TAB, TPB 3934, vol.1, TALG 21/2/36: Komiteeverslag {Stadsraad van Vereeniging en Minister van Gemeenskapsbou, Komitee van Ondersoek, Groepsgebiederaad}, 24.10.1962.

[47] *The Star*, 06.04.1963: Report.

[48] *Rand Daily Mail*, 25.04.1968: Report; *Rand Daily Mail*, 24.03.1972: Report.

voorstede en uitbreidings reeds in Vereeniging geproklameer.[49] Nege woonstelblokke was tussen die begin van 1968 en Maart 1969 in die dorpsgebied van Vereeniging opgerig.[50] Volgens die *Rand Daily Mail* het dorpsontwikkeling in Vereeniging by die stad se sekondêre ekonomiese rol aangepas.[51]

Twee uitbreidings was onderskeidelik in 1963 en 1965 tot die bestaande blanke residensiële voorstad Arconpark gevoeg. Arconpark Uitbreiding 1 was in 346 erwe verdeel en Uitbreiding 2 in 'n verdere 120 standplase. Dit het die aantal standplase in hierdie hoër middelklas woonbuurt op 'n totaal van 782 te staan gebring.[52] Arconpark Uitbreiding 3 was in 1972 geproklameer, as 'n verdere toevoeging tot die reeds uitgebreide blanke residensiële voorstad. Laasgenoemde was op gedeelte 64 van die plaas Waldrift aangelê terwyl gedeeltes 62 en 63 vir Uitbreiding 1 benut was. Terwyl 12 erwe steeds in 1987 in Uitbreiding 2 en 35 standplase in Uitbreiding 3 leeg gestaan het, was dit opmerklik dat voorstedelike ontwikkeling gedurende die sewentigerjare van optimisme getuig het. Die raad het selfs 'n vierde uitbreiding van Arconpark teen 1972 oorweeg in 'n poging om voorstede beskikbaar te stel waar blankes op eie inisiatief behuising kon oprig.[53]

Reeds in Oktober 1955 was berig dat die raad daaraan aandag gegee het om 'n voorstedelike ontwikkeling eksklusief vir Asiërs te onderneem. Die regering het bepaal dat toekomstige voorstedelike ontwikkeling vir nie-blankes in die Vaaldriehoek volgens die aanbevelings van die Mentzkommissie aangepas moes word. Aparte woongebiede vir Asiërs en kleurlinge naby Vereeniging, tot

---

[49] *Vereeniging and Vanderbijl Park News*, 27.10.1967: Report.

[50] Anon., "Vereeniging, primed for progress", ..., p. 262.

[51] *Rand Daily Mail*, 24.05.1968: Report.


[52] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.

[53] AKT, Registrasieafdeling IQ, band 97, plaasnommers 595-599, Folio's 599/62/1, 599/63/1, 599/64/1: Waldrift eienaarsregister; *Rand Daily Mail*, 30.06.1972: Report; SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.; vgl. kaart 6.5.

**KAART 7.1:**

**Die woonbuurte Roshnee, Dadaville en Roshasia tot voordeel van Asiate, met Rust-ter-Vaal, die aangrensende kleurlingwoongebied.**

Bron: SV, Straatkaart van Vereeniging, 1987.



voordeel van die hele Vaaldriehoek, was gestig waar die afgekeurde Mafube-woongebied eens oorweeg was.[54]

Teen 1962 was heelwat Asiërs in die woongebied Residensia, buite die munisipale grense van Vereeniging, woonagtig. Ander het hulself in swart woongebiede bevind. Die proklamasie van Residensia as 'n eksklusief blanke gebied het Indiërs so te sê haweloos gelaat.[55] In hierdie tyd was geen ander woongebied tot hul beskikking gestel nie. Die raad het nie onsimpatiek teenoor die probleme van Asiërs gestaan nie.

Raadslid A.J. (Skippie) Botha, destydse voorsitter van die Bestuurskomitee, het onderneem om aandag aan die saak te skenk. Hy het begrip openbaar vir die implikasies wat die genoemde regeringsbesluit op Indiërs en Chinese gehad het. Hy was aanvanklik van mening dat daar met die voorgestelde Mafube-gebied voortgegaan moes word.[56] Teen 1967 was egter berig dat die beplanning rondom die totstandkoming van 'n voorstad vir Asiate reeds ver gevorder het. Finansiering vir behuising sou deur die staat voorgeskiet word.[57] Roshnee is twee jaar later as 'n residensiële voorstad vir Asiate geproklameer en word op kaart 7.1 aangedui.[58] Hierop was met die bou van die eerste 87 huise begin.[59]

Dit wil voorkom asof Roshnee 'n beter heenkome vir Asiërs gebied het as wat die eertydse Asiatiese Bazaar kon, aangrensend tot Toplokasie. Daar was alreeds in 1951 oorweeg om die Asiatiese Bazaar tot 'n sogenaamde ***Black Spot***

---

[54] Vgl. TCV, File 94/7/4, vol. 13, Dec. 1949 - May 1965: Letter, Town Clerk - Secretary, Vanderbijl Park Estates Company, 22.12.1953; *Rand Daily Mail*, 26.10.1955: Report.


[55] *Sunday Times*, 26.08.1962: Report.

[56] *Rand Dail Mail*, 04.09.1962: Report.

[57] *Vereeniging and Vanderbijl Park News*, 22.12.1967: Report.

[58] Vgl. tabel 5.1; VS, Straatkaart van Vereeniging, 1987 {snit geneem vir kaart 7.1, p. 183-keersy}.

[59] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 106.




**KAART 7.2:**

**Gedeelte 58 van die plaas Houtkop waarop die voorstad Sonlandpark tot stand gekom het.**

Bron: TAB, TPB 1899, TA 5/114738, kaart.

REMAINDER OF HOUTKOP NO. 28 Which The Town Council Of Vereeniging Proposes To Purchase.

COPY OF SURVEYORS PLAN W. I. REID. LAND SURVEYOR. OCTOBER 1926.

SCALE: 100 CAPE ROODS = 1 ENGLISH INCH.

*te verklaar* aangesien onvoldoende behuising beskikbaar was.[60] Weliswaar was al die 469 standplase van Roshnee teen 1987 bewoon. Daar was ook 175 woonsteleenhede in die voorstad opgerig.[61] Die woongebied het baie welvarend vertoon met sy enorme huise in 'n netjiese omgewing, alhoewel dit 'n taamlike afstand van die dorpsgebied geleë was.[62]

Teen 1975 het dit nodig geword om Roshnee verder uit te brei.[63] Die aansienlike toename van Asiërs teen 1980 het geredelik teen 1985 afgeplat.[64] Uiteindelik het Asiërs in 1991 minder as 3,2% van die totale bevolking in die munisipale gebied van Vereeniging uitgemaak. Hulle het dus die kleinste bevolkingsgroep verteenwoordig. Meer Asiërs het beroepe in die handelsektor gevolg in verhouding tot ander bevolkingsgroepe in Vereeniging.[65]

Met die doel om voorsiening vir die toekomstige vraag na nywerheidsgrond te maak, het die raad tussen 1910 en 1926 begin onderhandel om grondgedeelte 58 van die plaas Houtkop aan te koop. Dié gedeelte van die plaas Houtkop was ongeveer tien kilometer noord van die aanvanklike dorpsgebied geleë en was 318 morg (272 ha) groot, soos aangetoon in kaart 7.2. Die betrokke grondgedeelte het parallel met die sogenaamde ***Green Belt*** gestrek, 'n reeks koppies wat 'n estetiese toevoeging tot die omgewing gevorm het.

---

[60] TCV, File 94/7/4, vol. 13, Dec. 1949 - May 1965: Extracts from the meeting of the Finance and General Purposes Committee, 21.05.1951.

[61] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.

[62] L.C.M. Willemse, Onderhoud, 10.09.1986 {Inwoner van Vereeniging vir meer as 25 jaar, inligting in besit van skrywer}; R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 106.

[63] *Rand Daily Mail*, 05.09.1975: Report; *Rand Daily Mail*, 16.09.1975: Report.

[64] Vgl. tabel 3.1.

[65] A. Nieuwoudt, Die Vaaldriehoek as verspreide..., p. 154.

*Langrandkoppies* het vanaf Vanderbijlpark in die suide tot verby die grense van die plaas in die noorde gestrek, in die rigting van Johannesburg.[66]

Die raad het dit deurentyd oorweeg om hierdie stuk raadsgrond vir voorstedelike ontwikkeling te benut. Gedurende 1944 het die stadsraad die dorps- en plaaslike beplanningskonsultant, mnr. W. Backhouse, oor die saak genader. Hy was versoek om die nodige voorbereidings te tref sodat die beskikbare grondgebied ontwikkel kon word. Volgens die stadsklerk was dit ideaal vir nywerheidsontwikkeling.[67]

Backhouse het bevind dat die kontoere van die grondgebied nie vir nywerheidsontwikkeling geskik was nie.[68] Die raad moes gevolglik ander nywerheidsgrond soek. Derhalwe was gedeelte 58 van die plaas Houtkop eers baie jare later ontwikkel. Die vraag na behuising het die raad genoop om hul besluit teen 1953 in heroorweging te neem.[69]

Op 1 Desember 1953 het die raad 'n uitlegplan vir 'n residensiële voorstad op hul gedeelte van die plaas Houtkop aangevra.[70] Die opstellers het teen Maart 1954 nog drie maande grasie gevra.[71] Boonop het die stadsingenieur te kenne gegee dat dit sowat twee jaar vir sy departement sou neem om gegewens te

---

[66] TCV, File 190/10, vol. 1, Nov. 1944 - Jan. 1962: Letter, J. Backhouse - Town Clerk, 09.11.1944; SV, Lêer 190/10, vol. 3, Okt. 1964 - Des. 1966: Brief, Direkteur van Plaaslike Bestuur - Stadsklerk, 30.11.1964; TAB, TPB 1899, TA 5/14738: Aankoop van gedeelte van die plaas Houtkop, nr. 28, van 310 morg vir munisipale doeleindes {kaart}, s.a. {kaart 7.2, p. 184-keersy}.

[67] TCV, File 190/10, vol. 1, Nov. 1944 - Jan. 1962: Letter, Town Clerk - J. Backhouse, 02.11.1944.

[68] TCV, File 190/10, vol. 1, Nov. 1944 - Jan. 1962: Letter, J. Backhouse - Town Clerk, 09.11.1944.

[69] TCV, File 190/10, vol. 1, Nov. 1944 - Jan. 1962: Minutes, Town Council meeting, 14.01.1953; P.A. Pretorius, Onderhoud, 10.09.1986 {Administratiewe beampte, Stadsraad van Vereeniging, Gesondheidsdepartement, inligting in besit van skrywer}.

[70] TCV, File 190/10, vol. 1, Nov. 1944 - Jan. 1962: Letter, Town Clerk - Bowling, Floyd & Richardson, 01.12.1953.

[71] TCV, File 190/10, vol. 1, Nov. 1944 - Jan. 1962: Letter, Bowling, Floyd & Richardson - Town Clerk, 09.03.1954.

*versamel* en inspeksies, volgens die Administrateur se regulasies, af te handel. Derhalwe het die stadsingenieur voorsien dat die eerste huise teen 1957 opgerig kon word. Die tydperk tot dan sou ook vir die verkryging van tenders, bouplanne en boumateriaal vir die oprigting van skemabehuising gebruik word.[72]

Tydens 'n raadsvergadering in 1955 het die raad besluit om weer eens die ontwikkeling op hul gedeelte van Houtkopplaas te staak. Op daardie stadium was na die beplande voorstad as Jansenpark verwys.[73] Daar was egter in Julie 1961 vir die tweede keer besluit om die ontwikkeling van die voorstad te hervat. 'n Gewysigde uitlegplan van die voorstad is aangevra.[74]

Teen 1963 was daar steeds nie tevredenheid oor die uitleg van die voorstad nie. Derhalwe was weer opdrag gegee dat nog 'n nuwe plan opgestel word.[75] Om die uiteindelike proklamasie van die dorpsgebied te bespoedig, was besluit om die laaste uitlegplan as finale uiteensetting van die voorstad te aanvaar.[76] Naamgewing vir die voorgestelde woongebied het ook 'n probleem geword.

---

72 TCV, File 190/10, vol. 1, Nov. 1944 - Jan. 1962: Report of the Town Engineer on the proposes township on section 58 of the farm Houtkop, 11.02.1954.

73 TCV, File 190/10, vol. 1, Nov. 1944 - Jan. 1962: Minutes, Town Council meeting, 13.02.1955.

74 TCV, File 190/10, vol. 1, Nov. 1944 - Jan. 1962: Minutes, Town Council meeting, 05.05.1961; TCV, File 190/10, vol. 1, Nov. 1944 - Jan. 1962: Letter, Town Engineer - Town Clerk, 15.11.1961.

75 TCV, File 190/10, vol. 1, Nov. 1944 - Jan. 1962: Minutes, Town Council meeting, 25.07.1963.

76 TCV, File 190/10, vol. 1, Nov. 1944 - Jan. 1962: Letter, Town Clerk - Town Engineer, 26.05.1964.

*Raadslede* het die naam Jansenpark reeds tydens hul vergaderings in Februarie en Maart 1955 voorgestel en aanvaar.[77] Volgens die Direkteur van Plaaslike Bestuur was hierdie naam intussen reeds aan 'n voorstad in Transvaal gegee.[78] Die raad was derhalwe aangeraai om 'n naamwysiging aan te bring. Die nuwe naam, Houtkopdorp, is wel deur die Administrateur aanvaar.[79]

Die raad het weer 'n lys nuwe name in 1965 vir oorweging opgestel. Die name Hooglandpark, Noordpark en Bolandpark was oorweeg.[80] Die meerderheid raadslede het die naam Hooglandpark verkies. Dit het nie die goedkeuring van die Pleknamekomitee weggedra nie. Laasgenoemde het die name Langrandpark, Heuwelhof, Sonlandpark en Bolandpark ter oorweging voorgestel.[81] Raadslid A.J. Botha het die naam Sonlandpark verkies. Die meerderheid raadslede het dit ook ondersteun.[82] Die Direkteur van Plaaslike Bestuur het die naam ook so aanvaar.[83] Stappe om die voorstad te proklameer kon toe voortgaan. 'n Bykomende grond is intussen ook aangekoop vir inlywing by Sonlandpark. Gedeelte 149 van die plaas Houtkop, was op 9 Oktober 1968 as raadseiendom geregistreer.[84]

---

[77] TCV, File 190/10, vol. 1, Nov. 1944 - Jan. 1962: Minutes, Town Council meeting, 10.02.1955; TCV, File 190/10, vol. 1, Nov. 1944 - Jan. 1962: Minutes, Town Council meeting, 17.03.1955.

[78] SV, Lêer 190/10, vol. 1, Nov. 1944 - Jan. 1962: Brief, Direkteur van Plaaslike Bestuur - Stadsklerk, 30.01.1962.

[79] SV, Lêer 190/10, vol. 2, Feb. 1962 - Nov. 1964: Brief, Direkteur van Plaaslike Bestuur - Stadsklerk, 02.04.1962.

[80] TCV, File 190/10, vol. 1, Nov. 1944 - Jan. 1962: Minutes, Town Council meeting, 13.12.1965.

[81] TCV, File 190/10, vol. 1, Nov. 1944 - Jan. 1962: Minutes, Town Council meeting, 30.06.1966.

[82] Cora Botha-privaatversameling, Vereeniging, *Manifes: A.J. (Skippie) Botha* {Verkiesingsmanifes opgestel deur J.J. Visser, s.a.}, p. 2.


[83] SV, Lêer 190/10, vol. 3, Okt. 1964 - Des. 1966: Brief, Direkteur van Plaaslike Bestuur - Stadsklerk, 09.09.1966.

[84] AKT, Registrasieafdeling IQ, band 96, plaasnommers 592-594, Folio 594/149/1: Houtkop eienaarsregister.

**KAART 7.3:**

**Die ligging van die voorstede Sonlandpark en Springcol ten opsigte van die dorpsgebied.**

Bron: Vereeniging Publisiteitskomitee, Kaart van Vereeniging, 1985.



Tydens die maandelikse raadsvergadering in September 1969 was besluit om die Administrateur te versoek om die proklamasie van Sonlandpark te bespoedig.[85] Konsep stigtingsvoorwaardes was deur die Administrateur aan die raad gestuur. Dit was deur die raad aanvaar. Hierop was Sonlandpark op 22 Oktober 1969 as residensiële voorstad van Vereeniging geproklameer.[86]

Skemabehuising vir blankes was in twee fases, onderskeidelik na 1965 en 1968, in die suidelike gedeelte van die voorstad onderneem.[87] Altesaam vier projekte was uiteindelik onderneem.[88] Teen die sewentigerjare was die noordelike gedeelte van Sonlandpark op privaat inisiatief met huise gevul. Werkers van YSKOR het hulle in dié gedeelte gevestig. YSKOR het behuising aan sulke werkers gesubsideer. Mense uit die hoër inkomstegroepe het in die noordelike gedeelte van die voorstad gevestig.[89] Al die 1 121 woonerwe van dié afgesonderde dorpsgebied was teen 1987 ten volle benut.[90] Sonlandpark, soos aangedui op kaart 7.3, het as 'n monument vir die dade van raadslid Skippie Botha tot stand gekom.[91]

Raadslid Botha het hom veral vir die totstandkoming van Sonlandpark beywer. Hy het weliswaar ook ander voorstedelike ontwikkelings voorgestaan wat die behuisingsprobleem van Vereeniging aangespreek het. Sy uitsluitlike doel was egter die daarstelling van behuisingskemas tot voordeel van blanke werkers wat dit nie vanuit die staanspoor kon bekostig om 'n eie huis op te rig nie. Dit het

---

[85] TCV, File 190/10, vol. 6, Apr. 1967 - June 1974: Minutes, Town Council meeting, 02.09.1969.

[86] SV, Lêer 190/10, vol. 5, Aug. 1967 - Jul. 1968: Brief, Administrateur van Transvaal - Stadsraad, 26.09.1969.

[87] TCV, File 190/10, vol. 6, Apr. 1967 - June 1974: Letter, Town Engineer - Town Clerk, 14.08.1968.

[88] *Vereeniging and Vanderbijl Park News*, 27.10.1967: Report.

[89] L.C.M. Willemse, Onderhoud, 10.09.1986 {Inwoner van Vereeniging vir meer as 25 jaar, inligting in besit van skrywer}.


[90] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.

[91] Vereeniging Publisiteitskomitee, Kaart van Vereeniging, 1985 {kaart 7.3, p. 188-keersy}.

**KAART 7.4:**

**Duncanville Uitbreiding 1 het die gebied tussen die dorpsgebied en Vereeniging Uitbreiding 1 ingevul.**

Bron: Anon., "Vereeniging - primed for progress", ..., p. 236 {geredigeerde kaart}.



*hom* as die "Vader van 'n sistematiese behuisingsprogram" bekend gemaak. Die tasbare bewys van sy werk was die groot hoeveelheid huise wat in Vereeniging op hierdie wyse tot stand gekom het, veral in die voorstede Sonlandpark, Leeuhof, Homer en Steelpark. As burgemeester en as raadslid het hy hom ook vir die oprigting van 'n plaaslike hospitaal vir swartmense beywer. As bestuursraadslid van Sebokeng was hy ook ten nouste met ontwikkelinge in dié swart woongebied betrokke.[92]

'n Klein residensiële voorstad was tot die voorstede van Vereeniging toegevoeg toe Springcol gedurende Januarie 1970 geproklameer was. Dié woongebied was ten noorde en aangrensend tot Arconpark geleë en wes van die pad wat vanuit die hoofstraat van Vereeniging, Voortrekkerstraat, na Johannesburg gelei het. Roshnee is verder noord geleë. Die voorstad het hoofsaaklik uit skakelhuise bestaan wat deur blankes uit die laer inkomstegroep bewoon was.[93] Van die 87 beskikbare woonerwe was sewe nog teen 1987 onbenut.[94]

Die gebied tussen die aanvanklik geproklameerde Duncanville en Arconpark was met die totstandkoming van Duncanville Uitbreiding 1 ingevul, soos aangedui op kaart 7.4. Die agt behuisingskemaprojekte, wat sedert 1955 in onder andere Duncanville onderneem is, was suksesvol. Daar was derhalwe besluit om Duncanville uit te brei en behuisingsprojekte voort te sit. Die raad het met trots na hierdie inisiatief verwys aangesien dit 'n volgende behuisingskrisis betyds afgeweer het.[95] Duncanville Uitbreiding 1, met 457 standplase, is eers in

---

92 Cora Botha-privaatversameling, Vereeniging, *Manifes: A.J. (Skippie) Botha* {Verkiesingsmanifes opgestel deur J.J. Visser, s.a.}, p. 2; Cora Botha-privaatversameling, Vereeniging, *A.J. (Skippie) Botha: die mens en die stadsraadslid, soos ek hom ken* {Verkiesingsmanifes opgestel deur P.J.D. Conradie, 08.02.1982}, p. 1.

93 E.M. Kruger, Onderhoud, 20.08.1990 {Inwoner van Vereeniging vir meer as 30 jaar, inligting in besit van skrywer}; vgl. kaart 7.3.

94 SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.

95 Vgl. *The Star*, 14.01.1966: Report; *Rand Daily Mail*, 20.08.1955: Report; *Rand Daily Mail*, 04.02.1955: Report; Anon., "Vereeniging - primed for progress", ..., p. 236 {geredigeerde kaart 7.4, p. 189-keersy}.

Februarie 1971 geproklameer. Teen 1987 was al die 643 erwe van die voorstad bewoon.[96]

Gedurende die vroeë sestigerjare is berig dat Vereeniging 'n dorp was wat eksklusief blank gehou gaan word. Dit het verander toe die eerste sooi, as simboliese vertrekpunt van die oprigting van behuising in 'n eksklusiewe kleurlingwoongebied, in 1967 gespit is. Die oprigting van 'n skool en 119 woonhuise was in die vooruitsig gestel.[97] Die woongebied is aangrensend en ten suide van Roshnee vir die hervestiging van kleurlinge uitgelê.[98] Dit was ongeveer 11km buite die dorpsgebied van Vereeniging en in 'n noord-oostelike rigting daarvan geleë. Rust-ter-Vaal, wat 89 ha beslaan het, het die tuiste van die kleurlinggemeenskap in die Vaaldriehoek geword.[99]

Later in 1967 was berig dat formele maatreëls vir die proklamering van die kleurlingvoorstad reeds ver gevorder was en dat nagenoeg R 3 miljoen deur die regering vir behuising bewillig was. Hierdie bedrag moes ook aangewend word om behuising aan inwoners van Sonlandpark en Roshnee te verskaf.[100] Rust-ter-Vaal was teen 1971 met 340 standplase geproklameer.[101]

Aangesien Rust-ter-Vaal die Vaaldriehoek se enigste kleurlingwoongebied geword het, verklaar dit waarom kleurlinggetalle ná 1960 in Vereeniging beduidend toegeneem het.[102] Verhuising na Rust-ter-Vaal en groter indiensneming in

---

[96] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.

[97] *Rand Daily Mail*, 25.08.1962; Report; *Rand Daily Mail*, 13.07.1967: Report.


[98] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 106; vgl. kaart 7.1.

[99] R.S. Judais & N. Boersma, *The socio-economic position of two Coloured communities in Vereeniging: Rust-ter-Vaal and Eatonside* (Report S-135, HSRC - Institute for Sociological and Demographic Research, 1985), p. 1; vgl. kaart 7.1.

[100] *Vereeniging and Vanderbijl Park News*, 22.12.1967: Report.

[101] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.

[102] *Rand Daily Mail*, 20.08.1968: Report; vgl. tabel 3.1.




**KAART 7.5:**

**Bedworth Park, tussen die dorpe van die Vaaldriehoek en naby aan Sharpeville geleë.**

Bron: SV, Straatkaart van Vereeniging, 1987.

*Vereeniging*, verklaar dié getalletoename.[103] Kleurlinge het teen 1991 in totaal 9,3% van die bevolking van Vereeniging uitgemaak.[104]

Nie alle mense het in behuising wat met staatshulp opgerig was, belanggestel nie. Om hierdie rede was Bedworth Park in 1972 geproklameer nadat 305,8 ha grond, gedeelte 129 van die plaas Leeuwkuil, deur die stadsraad aangekoop was.[105] 'n Bedrag van R1,8 miljoen is benodig om elektrisiteit, water, sanitasie en paaie aan Bedworth Park te voorsien.[106] Bedworth Park was wes van die sentrale dorpsgebied van Vereeniging en ten suide van Sharpeville geleë, maar nie aangrensend daartoe nie. Die gebied tussen die twee voorstede was as "niemandsland" gehandhaaf.[107] Die feit dat dit naby aan die rivier geleë was, het bepaalde estetiese waarde ingehou.[108]

Die ligging van die voorstad was sodanig dat dit etlike kilometers vanaf die dorpsgebied tot stand gebring is, ten suide van die pad wat Vereeniging met Vanderbijlpark verbind het. Verder was die voorstad min of meer ewe ver van beide hierdie dorpsgebiede en neffens die verbindingsroete met Sasolburg geleë. Teen 1987 was 236 van die 877 erwe van Bedworth Park, wat op kaart 7.5 aangedui word, steeds leeg.[109] Alhoewel die woongebied sentraal tussen die drie dorpe van die Vaaldriehoek geleë was, was die getal onbenutte standplase 'n aanduiding dat die voorstad nie aan 'n besondere behoefte vervul het nie.

---

103 A. Nieuwoudt, Die Vaaldriehoek as verspreide..., p. 126.

104 Vgl. tabel 3.1.

105 *Rand Daily Mail*, 30.06.1972: Report; AKT, Registrasieafdeling IQ, band 97, plaasnommers 595-599, Folio 596/129/1: Leeuwkuil eienaarsregister.

106 *Rand Daily Mail*, 06.09.1972: Report.

107 V. Leutso, Mondelingse oorlewering tydens *'Sharpeville oral workshop'*, Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}; SV, Straataart van Vereeniging, 1987 {kaart 7.5, p. 191-keersy}.

108 Vgl. kaart 5.1.

109 SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.

Raadsoorweging was reeds in 1957 daaraan geskenk om een van die voorstede Homer, Leeuhof of Steelpark vir die oprigting van lae-koste behuising te benut, volgens die tipe wat in daardie stadium in Witbank gebruik was.[110] Raadslid Botha het uitgewys dat weinig voorsiening tot op daardie tydstip vir behuising aan minder bevoorregte blankes gemaak was.[111] Intussen is aansoek gedoen om 'n verdere gedeelte van die plaas Houtkop as voorstedelike ontwikkeling te laat proklameer. Die voorgenome voorstad sou Westridge heet.[112]

'n Subkomitee van die raad het die saak oorweeg en in 1960 aan die stadsklerk verslag gedoen. Komiteelede was die mening toegedaan dat lae-inkomste behuising in die voorgenome Westridge opgerig moes word.[113] Op 15 Augustus 1960 het die Openbare Werkekomitee besluit dat 25 Witbank-tipe huise wel in die voorgenome voorstad opgerig gaan word. Die stadsklerk het gewaarsku dat die oprigting van hierdie tipe behuising die verkope van huise in ander naburige woongebiede kon benadeel. Sy standpunt was nie ondersteun nie.[114] Raadslede het wel ooreengekom om 'n naamsverandering vir die voorstad te ondersteun. Die naam Westridge was met Vereeniging-Wes vervang.[115]

Vereeniging-Wes, wat in Augustus 1972 as 'n blanke residensiële voorstad geproklameer is, was noord van beide die industriële voorstad Dickinsonville en Sharpeville geleë. Dit was aangrensend tot Roodstuine kleinhoewes en relatief naby aan Homer en Steelpark. Volgens kaarte 5.1 en 6.2 was dit op die munisipale grens tussen Vereeniging en Vanderbijlpark aangelê. Teen 1987 het

---

[110] TCV, File 94/17/13, vol. 1, Jan. 1953 - May 1965: Extracts from the minutes and agenda of the Public works Committee, 13.08.1957.


[111] TCV, File 94/17/13, vol. 1, Jan. 1953 - May 1965: Extracts from the minutes and agenda of the Finance and general Purposes Committee meeting, 23.07.1957.

[112] TCV, File 94/17/13, vol. 1, Jan. 1953 - May 1965: Extracts from the minutes and agenda of the Town Planning Committee, 15.07.1957.

[113] TCV, File 94/17/13, vol. 1, Jan. 1953 - May 1965: Extracts from the minutes and agenda of the Public Health, Licensing and Social Welfare Committee, 09.08.1960.

[114] TCV, File 94/17/13, vol. 1, Jan. 1953 - May 1965: Extracts from the minutes and agenda of the Public works Committee, 15.08.1960.

[115] *The Star*, 21.01.1966: Report.




**KAART 7.6:**

**Waldrif, 'n voorstad wat op uitgediende mynbougrond tot stand gekom het.**

Bron: SV, Straatkaart van Vereeniging, 1987.

*die* ontwikkeling van Vereeniging-Wes nog nie 'n aanvang geneem nie. Die 77 woonerwe was nog steeds onbebou.[116] Dit het van Vereeniging-Wes die wit olifant van Vereeniging gemaak. Beide Bedworth Park en Vereeniging-Wes het moontlike voorstede geword met potensiële vestigingswaarde vir swartmense uit die nabygeleë Sharpeville.

Die aanvanklike klein woongebied wat in die middel van Unitaspark se kleinhoewes ontstaan het, was in 1973 met 'n bykomende 337 woonerwe vergroot. Gedeelte 12 van die plaas Houtkop, wat 53 morg (45 ha) groot was, was in 1968 vir dié doel aangekoop. Die twee residensiële gebiede, Unitaspark en Unitaspark Uitbreiding 1, is deur Unitaspark kleinhoewes van mekaar geskei.[117] Teen 1987 was daar steeds 40 standplase in Unitaspark Uitbreiding 1 vir okkupasie beskikbaar.[118]

Nadat mynboubedrywighede noord van die dorpsgebied afgeneem het, het dit grond vir voorstedelike ontwikkeling beskikbaar gestel.[119] Waldrif[120] was in 1973 geproklameer en was van meet af nie 'n gewilde blanke residensiële voorstad nie. Die vrees vir sinkgate (insinkgrond as gevolg van die vroeëre mynbou) het beperkings op vestiging geplaas.[121] Desnieteenstaande was woonerwe vanuit die staanspoor optimisties deur *Chase & Sons* bemark.[122] Hierdie pogings was nie baie suksesvol nie. Net 244 van die 597 beskikbare

---

[116] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.; vgl. kaarte 5.1 en 6.2.

[117] AKT, Registrasieafdeling IQ, band 96, plaasnommers 592-594, Folio 594/12/1: Houtkop eienaarsregister; vgl. kaarte 5.1 en 5.8.

[118] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.

[119] Vgl. Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., pp.33-34; M.F. Drake, The iron and steel, metal and engineering industry..., p. 204.

[120] Die kontemporêre spelvorm Waldrif het die eertydse *Waldrift* in onbruik laat verval.


[121] E.M. Kruger, Onderhoud, 20.08.1990 {Inwoner van Vereeniging vir meer as 30 jaar, inligting in besit van skrywer}.

[122] Anon., "Vereeniging - primed for progress", ..., p. 262.

**KAART 7.7:**

**Drie Riviere-Oos, die eksklusiewe voorstad van Vereeniging, op die oostelike munisipale grens.**

Bron: Anon., "Vereeniging - primed for progress", ..., p. 236 {geredigeerde kaart}.



woonerwe was teen 1987 benut.[123] Waldrif, aangetoon op kaart 7.6, was aangrensend tot beide Arconpark en Springcol geleë, oos van die ou Johannesburgpad.[124]

Die gebied tussen die Suikerbosrandrivier en die oostelike munisipale grenslyn van Vereeniging was gedurende 1974 tot residensiële voorstad vir blankes in die hoër inkomstegroep geproklameer. Woonerwe in Drie Riviere-Oos, van so groot as 'n halfakker (0,2 ha) elk, was deur *Vereeniging Estates* van die hand gesit. Daar was al in die vorige dekade met afwagting na hierdie woonbuurt uitgesien, soos aangetoon op kaart 7.7.[125] Teen 1983 was 525 van die 600 beskikbare standplase in hierdie eksklusiewe woonbuurt ontwikkel.[126]

Nog 'n gedeelte van die plaas Houtkop was gedurende 1973 vir voorstedelike ontwikkeling oorweeg. 'n Gebied noord van en aangrensend tot Sonlandpark was vir verdere dorpsuitbreiding oorweeg. Gedeeltes 140 en 141 van die plaas Houtkop was vir die uitleg Falcon Ridge benut. Die raad was die mening toegedaan dat voorstedelike gebiede op daardie tydstip nog nie ten volle aan die bestaande behoefte voldoen het nie. Daar is geglo dat die ligging van die gebied ideaal vir verdere blanke residensiële voorstedelike uitbouing was.[127]

---

[123] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.

[124] SV, Straataart van Vereeniging, 1987 {kaart 7.6, p. 193-keersy}; vgl. kaart 6.5.

[125] *Rand Daily Mail*, 11.10.1968: Report; Anon., "Vereeniging - primed for progress", ..., p. 263 {met geredigeerde kaart 7.7, p. 194-keersy}; *Rand Daily Mail*, 06.11.1968: Report.


[126] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.

[127] SV, Lêer 12/22, Nov. 1972 - Mei 1985: Brief, Stadsraad - Departement van Plaaslike Besture, s.a.

**KAART 7.8:**

**Falcon Ridge, noord van Sonlandpark en omring deur landboukleinhoewes.**

Bron: SV, Straatkaart van Vereeniging, 1987.



*Falcon* Ridge, wat in 1978 geproklameer was, was aan drie kante deur kleinhoewes omring. Soos aangetoon op kaart 7.8 (keersy), was dié voorstad meer as tien kilometer vanaf die sentrale sakekern geleë. Dit was nie dadelik ten volle benut nie. Slegs 390 van die beskikbare 544 erwe was teen 1987 bewoon.[128] Dit was duidelik dat die raad se aanvanklike optimisme nie deur baie ander mense gesteun was nie. Die afgeleë ligging van die voorstad het duidelik daartoe bygedra dat die woongebied nie ten volle benut was nie. Falcon Ridge was een van die vele voorstedelike ondernemings van die plaaslike owerheid gedurende die sewentigerjare wat daarop gedui het dat die raad se vooruitskattings onrealisties was. Gedurende die sewentigerjare was baie huise in Vereeniging weliswaar onbewoon.[129]

## 7.5 **Voorstedelike ontwikkeling met 'n nuwe karakter ná 1980**

Voorstedelike ontwikkeling het in die tagtigerjare kwantitatief afgeplat. 'n Duidelike struktuurplan vir toekomsgerigte dorpsbeplanning is in Desember 1986 opgestel, in opdrag van die stadsraad.[130] Voordat hierdie plan aanvaar was, was beplanningsoordeel soms swak. Raadslede was skynbaar opreg in hul strewe om die belange van die dorp uit te bou. Indien probleme die raad geteister het, was dit volgens die ***Rand Daily Mail*** met onderlinge ywer, leierskap en samewerking oorbrug.[131]

Finansieel het dit ná 1980 al hoe beter met die plaaslike raad gegaan. Raadslid Botha het in 1981 berig dat die stadsraad wel sy waarskuwing van 20 jaar tevore ter harte geneem het. Die raad het naamlik die tagtigerjare met 'n kredietbalans

---

[128] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.; VS, Straatkaart van Vereeniging, 1987 {snit geneem vir kaart 7.8, p. 195-keersy}.

[129] *Vereeniging and Vanderbijl Park News*, 01.08.1975: Report.

[130] Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., pp.1 e.vv.

[131] *Rand Daily Mail*, 24.06.1968: Report.

*tegemoet* gegaan, anders as gedurende die sestigerjare.[132] Meer voorstedelike ontwikkelings was gedurende die tagtigerjare tot voordeel van Indiërs en kleurlinge onderneem as in enige tydperk vantevore. Dit was duidelik dat voorstedelike ontwikkeling nie meer net op blankes toegespits was nie.

Twee uitbreidings was onderskeidelik in 1981 en 1989 tot die kleurlingvoorstad, Rust-ter-Vaal, gevoeg. Teen 1987 was die aanvanklike woongebied reeds ten volle benut alhoewel daar op daardie tydstip nog heelwat beskikbare woonerwe in Rust-ter-Vaal Uitbreiding 1 was. Slegs 74 van die 295 standplase was teen 1987 in gebruik.[133] Daar het intussen nog geen ander woonbuurt vir kleurlinge in die Vaaldriehoek tot stand gekom nie.[134]

Dit het nie noodwendig beteken dat alle kleurlinge van die munisipale gebied hulself in Rust-ter-Vaal gaan vestig het nie. Teen 1981 het 89 gesinne nog in die Eatonside-plakkersgebied gewoon, sowat 7km wes van Rust-ter-Vaal en naby aan Sebokeng. Inwoners van Eatonside het aangetoon dat hulle graag in Rust-ter-Vaal wou vestig, maar dat hulle nie in staat was om behuising aldaar te bekostig nie. Selfs al sou dit moontlik gemaak word, het hulle 'n probleem met die afstande vanaf Rust-ter-Vaal na hul onderskeie werkplekke ondervind. Die apartheidsbeleid het dit vir enige kleurling onmoontlik gemaak om in voorstede van hul keuse te vestig.[135]

Vereeniging was teen Desember 1986 steeds die tuiste van ongeveer 76% van alle Asiërs in die Vaaldriehoek. Feitlik alle Asiate was toe in Roshnee

---

132 Cora Botha-privaatversameling, *Begroting van inkomste en uitgawe vir die jaar eindigende 30 Junie 1982...*, p.4.

133 SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.; vgl. kaart 7.1.

134 Vgl. Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., p.26.

135 R.S. Judais & N. Boersma, *The socio-economic position of two Coloured communities...*, pp. 1-3, 38, 112.

gevestig.[136] Reeds teen 1975 is berig dat die woonbuurt ten volle benut was en dat uitbreiding noodsaaklik geword het. Dit het die totstandkoming van bykomende voorstedelike uitbreidings vir dié bevolkingsgroep genoodsaak.[137]

Op 19 Augustus 1981 was Roshasia as 'n industriële voorstad geproklameer, tot voordeel van veral Asiërs. Roshasia het die gebied tussen Roshnee en Rust-ter-Vaal ingevul en kon tot voordeel van inwoners in beide gebiede benut word. Geen spoorwegverbinding het hierdie nywerheidsgebied bedien nie. Rioolaansluiting was eers teen 1984 bewerkstellig. Derhalwe was geen een van die standplase nog op daardie tydstip benut nie. Industrieë wat hier sou vestig, het die voordeel gehad dat die gebied aangrensend tot die Vereeniging-vliegveld was.[138] Die nege kilometer afstand tussen die gebied en die sentrale sakekern van Vereeniging, was egter 'n nadelige vestigingsfaktor. Standplase was teen 1984 teen R20 000 elk beskikbaar.[139] Die raad het weer eens 'n onpraktiese voorstedelike projek aangepak.

Residensieel was die Asiatiese woongebied op twee maniere uitgebrei. 'n Nuwe woongebied, Dadaville, was in 1984 aangrensend tot Roshnee geproklameer. Verder is die bestaande Roshnee gedurende 1987 uitgebrei. Roshnee Uitbreiding 1 het 'n stuk grond oos van die oorspronklike voorstedelike gebied beslaan. Aan die westekant was dit deur die Vereeniging vliegveld begrens. Van die 390 woonerwe was net 11 teen 1987 in gebruik. Dit blyk dat die ander residensiële toevoeging, Dadaville, vanuit die staanspoor 'n gewilde keuse onder nuwe vestigers was. Dadaville het Roshnee en Roshnee Uitbreiding 1 aan die oostekant begrens. Eersgenoemde het uit 441 woonerwe bestaan. In

136 Vgl. Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., p.26.

137 *Vaalweekblad*, 05.09.1975: Berig; *Rand Daily Mail*, 16.09.1975: Report.

138 Vgl. kaart 5.1.

139 SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Nywerheidsgebiede van plaaslike owerheid Vereeniging, 1984, s.a. {Opgawe}, Roshasia, pp. 2-4; vgl. kaart 7.1.

*dieselfde* jaar as wat dit geproklameer was, was bouwerk op 132 erwe reeds voltooi.[140]

Die invloedryke hoof van die Indiërfamilie, Dadabay, het al in 1975 te kenne gegee dat sy familie in toekomstige voorstedelike ontwikkelings vernoem behoort te word. Die naam Dadaville was deur hierdie familie voorgestel. Alhoewel die raad geen probleem hiermee ondervind het nie, blyk dit dat die Departement van Plaaslike Bestuur aanvanklik streng by die reëling wou hou waarvolgens daar nie name aan nuwe voorstedelike uitbreidings toegeken sou word nie. Bestaande voorstede moes eerder net uitgebrei word.[141] Die totstandkoming van Dadaville, wat na die familie vernoem was, was dus 'n oorwinning vir die Dadabays.

Drie bestaande blanke voorstede was ook gedurende die tagtigerjare uitgebrei. Duncanville Uitbreiding 2 was in 1985 en Uitbreiding 3 in die daaropvolgende jaar geproklameer. Die tempo waartoe die bestaande Duncanville en Duncanville Uitbreiding 1 benut was, het hierdie uitbreidings sinvol gemaak. Risiville en Arconpark was onderskeidelik ook in 1984 en 1989 vergroot. Dit was die vierde uitbreiding wat tot Arconpark gevoeg was maar die eerste keer dat Risiville uitgebrei was. Net 16 van die 166 beskikbare standplase van Risiville Uitbreiding 1 was tussen 1984 en 1987 vir die oprigting van huise benut. Die oorspronklike Risiville was toe reeds ten volle benut. Arconpark Uitbreiding 4 was uitgelê in 'n tyd toe Uitbreiding 3 reeds geredelik volgeloop het.[142] Woonbuurtes waar blankes op eie inisiatief gevestig het, het dus gouer volgeloop as voorstede wat ten doel gehad het om laekoste behuising aan blankes te voorsien.

---

[140] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.; vgl. kaart 5.1.


[141] *Vaalweekblad*, 05.09.1975: Berig.

[142] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.; vgl. kaart 5.1.

**KAART 7.9:**

**'n Kaart wat die vernaamste historiese besienswaardighede van Vereeniging aantoon. Die Vaal Teknorama Museum word onder andere aangetoon waar Toplokasie eens gevestig was.**

Bron: Lekoa Vaal Metropolitan Council, *Museum without boundaries, Vaal Teknorama Museum,* brosjure.




1. Rock Engravings
2. Peace Negotiation Site
3. Concentration Camp Cemetary
4. Maccauvlei (Canadian Soldiers & Memorial site)
5. Country Club
6. City Square
7. Stone Church
8. USCO Archaeological Site
9. Vaal Teknorama Museum
10. Van Riet Lowe Archaeological Site
11. Mayoral Office

Volgens kaart 5.1 het die stadsraad teen 1987 duidelike toekomsplanne vir verdere uitbreidings gehad. Die kaart het aangedui dat nie minder nie as tien industriële uitbreidings in die vooruitsig gestel was. Verder was 21 toekomstige residensiële uitbreidings voorsien. Laasgenoemde het ten doel gehad om oop gebiede tussen bestaande voorstede in te vul.

## 7.6 **Grootstadstatus in 1992**

Behalwe vir deeglike dorpsbeplanning was verskeie ander projekte deur die raad onderneem, ten einde dienste aan die gemeenskap te verbeter. Welliswaar het dit hoofsaaklik tot voordeel van die blanke bevolkingsgroep gestrek. Onder andere was die oprigting van 'n museum in Oktober 1964 deur die raad goedgekeur.[143]

Ander publieke fasaliteite het teen die sewentigerjare ontoereikend geword. 'n nuwe Varsproduktemark was ook in 1977 geopen. 'n Nuwe stadsaal, banketsaal, biblioteek en museum was as 'n geheelkompleks in 1976 ingewy. Die stadsteater was in die daaropvolgende jaar, ook as deel van die kompleks, in gebruik geneem. In 1992 was die Vaal Teknorama, 'n kultuur- en nywerheidsmuseum, geopen. Die geboue was op 35 ha van die grond opgerig wat eertyds die tuiste van die inwoners van Toplokasie was en word deur kaart 7.9 aangetoon. Verskeie groot snelweë en verbindingspaaie was intussen ook in en rondom Vereeniging aangelê.[144]

Motorkarre het toenemend as vervoermiddel gewild geword. Dit het die aanvraag na paaie en die verbetering daarvan verhoog. Die vraag na spoorweggeriewe het in die loop van die twintigste eeu afgeneem. Die TPA het in 'n raadgewende hoedanigheid opgetree om plaaslike rade van hulp te bedien in hul pogings tot

---

[143] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 88, 92-94, 96, 106, 108.

[144] P.J.J. Prinsloo (red.), Die geskiedenis van Vereeniging, p. 178; Lekoa Vaal Metropolitan Council, *Museum without boundaries, Vaal Teknorama Museum* (brochure, n.d.), p. 1, ook kaart met aanduidings van historiese besienswardighede rondom Vereeniging {gebruik vir kaart 7.9, p. 199-keersy, }; W. Albertyn (red.), *Suid-Afrikaanse munisipale jaarboek, 1979*, p. 327; vgl. kaart 5.1.

stads- en streeksbeplanning. Toekomsbeplanning rondom die ekonomiese - en sosiale infrastruktuur het noodsaaklik geword aangesien dorpe en stede aansienlik vinniger uitgebrei het. Bestaande mynbou- en landbougrond in Vereeniging het potensiële probleme vir toekomsbeplanning ingehou. Vlak steenkoollae het die bou van paaie belemmer. Die apartheidsbeleid het ook bepaal dat deurpaaie nie deur of te naby aan swart woongebiede opgerig moes word nie. Nasionale deurpaaie, dit wil sê paaie sonder kruisings, was teen hierdie agtergrond opgerig om Vereeniging met ander sentra te verbind.[145] Die hoeveelheid verbindingsweë het die belangrikheid van Vereeniging as stad bevestig.

Dit was reeds teen 1982 die oortuiging van die stadsraad dat Vereeniging vir grootstadstatus in aanmerking geneem moes word. Raadslede het geglo dat die plaaslike bestuursraad se diens aan die gemeenskap sodanig uitgebou was dat dit verhoogde status regverdig het. Die Direkteur van Plaaslike Bestuur was daarom versoek om Vereeniging gunstig vir grootstadstatus te oorweeg. Na verskeie pogings was hierdie status in 1992 aan Vereeniging toegeken.[146]

Volgens Proklamasie 13 van 1992 het die Administrateur van Transvaal grootstadstatus op 6 Mei 1992 aan Vereeniging toegeken. Sedertdien was die stadsraad van Vereeniging toegelaat om outonome besluite te neem. Voortaan was dit nie meer nodig om die vooraf toestemming van die Administrateur oor bepaalde aangeleenthede aan te vra nie.[147] Hierdie statusverhoging het die stad in sy eeufeesjaar, 1992, te beurt geval.

---

145 Transvaalse Provinsiale Administrasie, PWV-konsortium, *Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging hoofpadnetwerkondersoek, tussentydse verslag,* Sept.1974, pp. 1, 7, 15, 20, 25-27.

146 SV, Vereeniging - Aansoek om Grootstadstatus (ongep. verslag, Stadsraad van Vereeniging, 1991), pp. 1-2.

147 *Vaalweekblad,* 08.05.1992: Berig.